

PULA IMVULA

GROWING FOOD • PEOPLE • PROSPERITY

Viering van die **AFRIKA DROOM**

OP 2 OKTOBER HET GRAAN SA DIE UITSTEKENDE BOERE WAT DEEL VORM VAN HUL BOEREONTWIKKELINGSPROGRAM OP DIE JAARLIKSE DAG VAN FEESVIERINGE VEREER. DIE BOERE WAT DIE GEBEURTENIS BY NAMPO PARK BUITE BOTHAVILLE IN DIE HART VAN DIE VRYSTAAT BYGEWOON HET, HET ALMAL GEÏDENTIFISEER MET DIT WAT DIE GRAAN SA 2019/ABSA/JOHN DEERE FINANSIEËL NUWE ERA KOMMERSIELLE BOER VAN DIE JAAR, ANDRIES VAN DER POLL, GESÊ HET: "EK IS 'N BOER GEBORE EN EK SAL STERF AS EEN."

Hierdie kompetisie is in 2009 deur Graan SA geïnitieer om erkenning te gee aan boere vir die harde werk wat hulle deur die jaar ingesit het. Dit is 'n geleentheid vir alle graanboere, groot en klein, om hul harde werk en vasberadenheid ten toon te stel.

Die viering vind plaas, of die jaar moeilik was met min reën en lae opbrengste, of 'n goeie reënseisoen met hoog opbrengste. Met die viering hierdie jaar was dit duidelik dat landbou in Suid-Afrika lewendig is en dat boere kan volhard, ondanks wat die lewe na hulle kant toe gooï.

Vir Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoof van Graan SA, het die landbou die mag om die ekonomiese van Suid-Afrika te laat herleef. Hy het deelnemers gevra om die boere in hul gemeenskappe te sê om vas te byt en nie moed op te gee nie. "Dit is die "kultuur van landbou" wat hierdie nasie kan genees," het hy in sy boodskap gesê.

Behalwe die genomineerdes, hulle mentors en families en die Graan SA-span, het ander gaste ingesluit, verteenwoordigers van die Departement van Landbou, agribesighede, georganiseerde landbou, asook die media en die privaatsектор. Selfs 'n lid van die parlement, Me Anette Steyn, was teenwoordig.



'n Nederige Andries en Jacky kon nie wag om die gebrul van hul splinternuwe John Deere 5075 E-trekker te hoor nie.



'n BOODSKAP DEUR... Jaco Minnaar

IT LYK ASOF DIE LEWE VINNIGER EN VINNIGER WORD EN DIE PAS ESKALEER SOOS ONS OUER WORD. WANNEER ONS NA ONS KINDERS EN DIE JONGER MENSE KYK, BESEF ONS DAT HULLE MEER WEET EN GEDOEN KRY AS WAT ONS OP ONS OUDERDOM GEDOEN HET. DAN BESEF JY, DIE LEWE WORD VINNIGER.

Soms sukkel ons om aan te hou en as boere die afgelope paar seisoene, in die winter- en somerreënvalgebiede, was dit beslis die geval. Reën wat laat kom, droogte wat eenvoudig nie wil padgee nie en winsgewendheid wat glad nie goed is nie.

Verlede jaar was veral moeilik op my plaas. Dit was die slegste begin van 'n seisoen in terme van reënval, in 110 jaar. Ons het twee maande later, ongehoord – in taamlik droë grond geplant. Terwyl ons gewasse tot Maart gesukkel het, het ons ook geestelik gesukkel. Maar God het ons gered, ons het verreweg die natste April in 110 jaar gehad. En ten spyte van alles, het ons steeds 'n gemiddelde oes gerealiseer.

As boere het ons altyd hoop, "volgende jaar gaan ons beste jaar wees", "as ons volgende jaar net meer kan leen om aan te plant", ensovoorts. Ons is inherent positief. Ons sien uit na 'n beter toekoms. En soms, dit waarvoor ons hoop, realiseer nie. Ons moet dit nogal gereeld hanteer.

Rondom die einde van die jaar is ons geneig om 'n bietjie meer te ontspan gedurende die vakansietyd en ons het tyd om na te dink en dan besef jy waar hierdie krag vandaan kom. Jy besin oor al die uitdagings wat jy deur die jaar gehad het en besef dat jy daardeur gekom het. Dit is nie noodwendig die uitkoms wat jy verwag het nie, maar op een of ander manier het jy oorleef.

As ons in die wedloop is en die kers aan beide kante brand, is ons so gefokus dat ons mis wat regtig rondom ons gebeur. Ons verloor soms geloof, ons vra moeilike vrae van Hom en almal rondom ons. En ons wonder oor ons toekoms. Dit is normaal, dit is menslik. Maar ons moet tyd maak om na te dink, ons moet terugkyk en kyk na al die wonderlike dinge wat God vir ons gedoen het, al die dinge wat ons in ons besige lewens gemis het. Ons mis omdat ons sekere uitkomste in ons gedagtes het, maar meestal laat Hy iets anders gebeur. Die dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar, ons gesondheid, vrou en kinders, ouers, familie, vriendskappe, geestesgesondheid, geloof en wysheid. En dan besef jy dat nie een hiervan oor geld gaan nie; nie een daarvan hang af van hoe goed die oes was, wanneer ons geplant het, watter trekkers ons gebruik nie, ensovoorts.

Mag jy in hierdie tyd van minder besig wees, tyd maak om oor jou seeëninge na te dink en te tel. Dink aan alles wat jy het, wat jy ontvang het en hoe God hierdie jaar na jou omgesien het. Dank hom daarvoor, maar bedank ook die mense rondom jou vir hul bydrae, ondersteuning en leiding wat hulle jou gegee het.

Mag God jou seën in hierdie tyd, mag hy jou plaas, jou mense en jou pogings seën en mag jy dankbaar wees vir alles wat jy ontvang het! ■

Vierung van die Afrika droom...

Artikel verskaf deur Louise Kunz,
Pula Invula medewerker. Stuur 'n
e-pos na louise@infoworks.biz



DIE 2019 WENNERS

Vir die Graan SA-span is dit 'n gebeurtenis wat hulle inspireer en aanvuur as hulle die vrugte van hul arbeid sien. "As ons besef wat julle as boere deur hierdie jaar bereik het, gee dit ons hoop. Terwyl ons op reën wag, vertrou ons op God, want Hy stel julle in staat om voedsel vir ons land te produseer," het Jannie aan die boere wat daar was om die suksesse van die landbousektor te vier, gesê.

Aangesien daar net te veel boere is, is dit onmoontlik om elke verdienstelike boer te nomineer. Genomineerde verteenwoordig al die hardwerkende boere wat bydra tot voedselsekerheid. Dit is geen maklike taak om die wenner te kies nie. Drie groepe beoordelaars reis na alle uithoek van die land om finaliste in die volgende kategorieë te identifiseer: Bestaansboer van die Jaar, Kleinboer van die Jaar, Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar en Kommersiële Nuwe Era Boer van die Jaar. Elke individuele boer word besoek deur 'n beoordelaarspaneel wat met hom/haar onderhoude voer oor produksiepraktek, finansiële bestuur, rekordhouding, algemene vordering, die kwaliteit van hul gewasse.

EN DIE WENNERS IS...

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die hoofdoel van hierdie kompetisie nie gaan oor wen nie, maar om die leer, groei, ontwikkeling en harde werk van die duisende boere in die **Graan SA Boereontwikkelingsprogram te vier**. Dit is bedoel om as baken van motivering en inspirasie op te tree vir almal wat in die landboubedryf betrokke is om voortdurend te werk om onself te verbeter om ons doelwitte te bereik. Jou doel moet nooit wees om genomineer te word, of om iets te wen nie, maar om elke dag, elke maand en elke jaar te groei om nader aan die bereiking van die opbrengste, winsgewendheid, die doeltreffendheid of die doelwitte wat jy vir jouself en jou gesin gestel het, te bereik. Uiteindelik is dit wen!

Om 'n groot man te sien, Mazonya Elijah Dhlamini van Volksrust in Mpumalanga, in trane uitbars, het al die gaste geraak. Sy provinsiale koördineerder is Jurie Mentz van die kantoor in Louwsburg. Hierdie **2019 Graan SA/Absa Bestaansboer van die Jaar** glo dat beplanning en goeie bestuur die sleutels is vir sy sukses. Hy het oorgegaan na geen-bewerkingspraktek en sê dat die deeglike bestuur van onkruid-en plaagbestryding en die toediening van bemesting alles bygedra het daartoe om hierdie doel te bereik.

Die **Graan SA/Syngenta Kleinboer van die Jaar** is Mdumiseni Welkom Hadebe van Winterton in KwaZulu-Natal. Graeme Engelbrecht van die Dundee kantoor is die provinsiale koördineerder wat toesig hou oor sy werksaamhede. Mdumiseni het in 2014 op 2 ha begin boer. Hy het sedertdien sy mielieproduksie tot 4 ha verhoog en oeste van 8 t/ha afgehaal. Die toepassing van wat hy geleer het by die opleidingskursusse wat deur Graan SA aangebied is, het vir hom oplossings vir enige boerderyprobleme gebied. Hy glo dat as jy trots is op jou werk, jy suksesvol sal wees.



1

Foto 1: Herman Groenewald, hoof van Kleinhandelfinansiering by John Deere Financial, dr Langelihihe Simela, bestuurder van Sakeontwikkeling by Absa se Agri Besigheidssentrum vir Onderskeiding, Jacky en Andries van der Poll, die 2019 Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Komersiële Boer van die Jaar en Jaco Minnaar, voorsitter van Graan SA.



2a



2b



3a



3b



4a



4b



4c



5a



5b



6a

Foto 2a en 2b: Die ander finaliste in hierdie gesogte kategorie was Alfreda Mars van Moorreesburg in die Wes-Kaap, wie se dogter die toekenning namens haar aanvaar het en Mapota Paulus Mosia van Edenville in die Vrystaat, wat die Graan SA/Monsanto Potensiële Komersiële Boer van die Jaar vir 2018 was. Jeremia Matebula, uitvoerende lid van Graan SA, (links) wens hom geluk met sy prestasie.

Foto 3a: Die 2019 Graan SA/Monsanto Potensiële Komersiële Boer van die Jaar, Sabatha Ewart Mthethwa met Magda du Toit, bestuurder van Korporatiewe betrokkenheid by Bayer en 'n baie opgewekte Ramodisa Monaisa, ondervoorsitter van Graan SA.

Foto 3b: Die ander finalis was Elias Mtikulu, (regs) van Harrismith in die Vrystaat. By hom is Patrick Stuurman, uitvoerende lid van Graan SA.

Foto 4a: Graan SA se ondervoorsitter, Preline Swart, het die toekenning oorhandig aan die Graan SA/Syngenta Kleinboer van die Jaar in 2019, Mdumiseni Welcome Hadebe. Links is Piet Roets, eienaar van Africa Implements.

Viering van die Afrika droom...



6b



7



8

Foto 6a en 6b: Die talentvolle Siki Jo-Ann, finalis van die Voice South Africa, het die skare op hul voete gehad met liedjies soos African Dream.

Foto 7: Die seremoniemeester, Dudu Mashile, saadverkoopsbestuurder by Bayer en personeel van Graan SA het Seshweshe gedra en die tafels het net so mooi gelyk in dieselfde lap.

Foto 8: Die kombuisspan in hul kleurvolle uniforms het uitstekende diens en vriendelike glimlagte aangebied terwyl hulle heerlike kos bedien.

Foto 9: Edwin Thulo Mahlatsi, die 2017 Nuwe Era Boer van die Jaar, het ook die funksie hierdie jaar saam met sy vrou, Othenia en dogter, Doreen, bygewoon.

Foto 10: Jane McPherson, programbestuurder: Boereontwikkeling, Graan SA, was baie opgewonde toe Magda du Toit van Bayer 'n verdere borgskap van 6 000 2 kg sakke BT-saad aangekondig het vir die Graan SA Boereontwikkelingsprogram.

Foto 11: Jannie de Villiers met die 89-jarige boer, Anna Ritshikana wat tussen Lichtenburg en Mahikeng boer. Anna het 'n waarderingssertifikaat ontvang vir haar bydrae tot landbou.



9



10



11

Foto 4b en 4c: Zamokwakhe Nathaniel Khoza van Bergville in KwaZulu-Natal en Bheki Isaia Mabuza van Piet Retief in Mpumalanga was die ander finaliste. Israel Mothabane, uitvoerende lid, het hul toekennings oorhandig.

Foto 5a: Jannie de Villiers wens die 2019 Graan SA/Absa bestaansboer van die jaar, Mazonya Elijah Dhlamini, hartlik geluk.

Foto 5b en 5c: Die ander finaliste in hierdie kategorie was Amos Mfaniseni Kubeka van Oshoek in Mpumalanga, wat ook verlede jaar 'n finalis was en Velile Madikizela van Bizana in die Oos-Kaap. Ramoso Pholo het die toekennings aan hulle oorhandig.

Die tweede wenner van die Dundee kantoor is Sabatha Ewart Mthethwa wat in die Dannhauser omgewing in KwaZulu-Natal boer. Hy is die derde wenner van die Graan SA/Monsanto Potensiële Kimmersiële Boer van die Jaar toekenning. Sy pa, Remember Wiseman Mthethwa, was een van die finaliste van die 2017 Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Kimmersiële Boer van die Jaar. Na sy dood moes Sabatha en sy twee broers en susters die leisels op hul familieplaas op Dannhauser opneem. Buitendat hulle mielies en droëbone plant, boer hulle ook met vee. Hierdie seisoen het hulle 250 ha mielies geplant en Sabatha is vasbeslote dat hul sukses spruit uit hul liefde, respek en trots vir boerdery.

Die hoogtepunt van hierdie geleentheid is altyd die aankondiging van die Graan SA/Absa/John Deere Financial Kimmersiële Boer van die Jaar. Vanjaar was Andries van der Poll die opwindende wenner wat 'n splinternuwe John Deere 5075-trekker as prys ontvang het. Hy boer saam met sy vrou, Jacky, in Riebeek-Wes in die Wes-Kaap,

waar Liana Stroebel die provinsiale koördineerdeerder is. Andries het as jong seun saam met sy pa begin boer en 20 jaar as 'n plaasbestuurder gewerk nadat hy 'n diploma in landbou verwerf het. Die Van der Polls boer nou op 450 ha, met 300 ha bewerkbare grond waar hulle koring en lusern verbou en mielies onder besproeiing plant. Andries bedank Graan SA vir hul leiding wat hom in staat gestel het om sy droom uit te leef.

Baie geluk aan elke genomineerde, finalis en wenner en ook aan elke boer vir hul harde werk. Julle maak 'n verskil in Suid-Afrika deur 'n gesin te voed. ■

Bestuur jou BESIGHEIDSKOSTE

ONS WEET DAT OM 'N SUKSESVOLLE BOER TE WEES, MOET JOU BESIGHEID WINS MAAK EN ONS WEET DIE BASIESE FORMULE IS: WINS = INKOMSTE - UITGAWES (OF KOSTE). BOERDERYBESIGHED HET OOR TYD DEUR SIKLUSSE VAN VERSKILLENDÉ KLEMVERSKUIWINGS GEGAAN.

'n Paar jaar gelede was die klem baie op maksimum wins, wat gelei het tot die verhoging van produksie op 'n plaas, ongeag iets anders. Produksiemetodes het aandag geniet met die doel om inkomste te verhoog, ongeag die negatiewe invloed op die natuurlike hulpbronne.

Boere het ervaar dat hulle dit nie kon byhou nie. Die winste neem af omdat die natuurlike hulpbronne beskadig is en die koste bly styg. Al hoe meer produksieinsette soos kunsmis, moes gebruik word om die produksie te verhoog. Die klem val vandag op volhoubare boerdery. Jy moet steeds wins maak, maar die wins moet gemaak word sonder om ons natuurlike hulpbronne – grond, water, weiding en wildlewe – uit te put.

Die klem moet dus val op die bestuur van jou inkomste, sowel as uitgawes. In artikels in die verlede het ons die verhoging van inkomste vanuit verskillende perspektiewe bespreek. In hierdie artikel sal ons dus die uitgawes van 'n boerderyonderneming aanspreek.

Soos uitgedruk in ons inleiding WINS = INKOMSTE - UITGAWES (of koste), weerspieël die inkomste die totale inkomste van die onderneming en die koste is alles, of totale koste.

Totale koste word verdeel in produksie of veranderlike koste, oorhoofse of nie-veranderlike koste, vaste koste, vreemde faktorkoste en persoonlike koste. Produksiekoste is 'n funksie van produksie – hoe meer jy produseer, hoe hoër is die produksiekoste. Of as jy gedurende 'n jaar niks produseer nie, soos in niks nie, sal produksiekoste nul wees. Produksiekoste word ook beskryf as direkte toegewysde veranderlike koste, aangesien dit maklik aan 'n onderneming toegevys kan word – mielies, beeste, skape, ensovoorts. Hierdie koste kan wees vir saad, kunsmis, onkruidoders, plaaggodders, bemarkingskoste, voer, lek, veeartsenkundige koste, oplosmiddels, los arbeid, en ander.

Die stompste potlood is skerper as die skerpste geheue.

MEET KOSTE

Om hierdie koste behoorlik te bestuur, is dit nodig om hierdie koste te meet en aan 'n onderneming toe te ken.

Oorhoofse koste

Oorhoofse koste is alle koste wat nie toegeken kan word nie, of wat baie moeilik is om aan 'n spesifieke onderneming toe te deel. Sulke koste kan brandstof, elektrisiteit, smeermiddels en herstelwerk wees. Hierdie koste is ook 'n funksie van produksie, maar is moeilik om toe te ken as dit nie baie akkuraat gemeet word nie en as daar baie ondernemings is wat dieselfde bron gebruik.

Vaste koste

Vaste koste is koste soos waardevermindering, versekering op geboue en werktuie, lisensies, gereelde vaste arbeid, boekhougelde, bankkoste

**Marius Greyling, Pula Imvula
medewerker. Stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za**



en opleidingskoste. Hierdie koste hou nie verband met produksie nie – selfs as jy 'n trekker glad nie vir 'n jaar gebruik nie, is jy verplig om die lisensie te betaal. Of jy dit doen is iets anders, jy neem die risiko. Al reën dit nie en jy het geen gewas nie, moet hierdie koste betaal word.

Vreemde faktorkoste

Dan is daar vreemde faktorkoste soos rente op lenings en huurgeld op grond wat gehuur word. Hierdie koste hou nie direk verband met produksie nie.

Persoonlike koste

Laastens, persoonlike koste, of jou salaris, sal elke sent insluit wat jy aan jou en jou gesin spandeer het. Onthou dat hierdie koste direk verband hou met die wins van die plaas. As jou besigheid nie wins maak nie, kan jy jouself nie 'n salaris betaal nie.

BESTUURSKOSTE

Volgens die formule WINS = INKOMSTE - UITGAWES (of koste) is dit duidelik dat die enigste manier om die wins positief te beïnvloed, is om koste te verlaag. Dus moet die koste bestuur word.

Praktiese maatreëls om koste te bestuur

- Stel 'n begroting op en bestee volgens die begroting. 'n Begroting word as die eerste maatreël genoem, omdat dit die belangrikste manier is om uitgawes te beheer. As jy 'n begroting opgestel het, bestuur jy alreeds jou koste. Onthou om te bestuur, impliseer om te beplan, te organiseer, te implementeer en te beheer – 'n begroting is jou plan. Dissiplineer jouself wanneer jy aankope doen en uitgawes aangaan en spandeer volgens jou begroting. As jy wil hê dat jou besigheid moet oorleef, het jy geen opsie nie. Spandeer op 'n gedissiplineerde manier.
- Kontroleer alle voorrade van produksie insette soos saad, kunsmis en ander voorraad, soos brandstof, onderdelle, klein werktuie soos grawe, handgereedskap soos sleutels, ensovoorts. Stel maatreëls in plek om die diefstal van voorraad te voorkom of ten minste te verminder.
- Sorg dat produksie insette volgens die voorgeskrewe instruksies korrek gebruik word – moenie te veel of te min gebruik nie.
- Wanneer jy iets koop wat in jou besigheid gebruik word, moet jy altyd rondkyk, indien moontlik en onderhandel vir 'n beter prys, gebruik 'n stelsel om kwotasies aan te vra, of om 'n tender aan te vra, of 'n koopgroep met jou bure te vorm. Aankope in groter hoeveelhede kan kostebesparend wees.
- Oorweeg en beplan telefoonoproepe, ritte met die bakkie of trekker. Dit is slegs 'n paar maatreëls wat jy moet tref om aankope in toom te hou. Om aankope te beheer, benodig jy inligting wat rekords benodig. Soos die spreekwoord sê: "Die stompste potlood is skerper as die skerpste geheue."

PRODUSEER SOJABONE

'n Goeie bron van voedsel, proteïen en olie

IE VRAAG NA BETROUbare BRONNE VAN PROTEÏEN IS AAN DIE TOENEEM REGOOR DIE WÊRELD. SOJABOON IS 'N POPULÊRE BRON VAN PROTEÏEN EN OLIE EN WORD IN MEER GEBIEDE GEPRODUSEER AS OOIT TEVORE. DIT WORD GEREFLIKTEER IN DIE GROEI IN SOJA AANPLANTINGS. SOJABONE WORD OOK TOENEMEND WAARDEER AS 'N ROTERENDE GEWAS MET MIELIES.

HET JY GEWEET?

- Sojabone is inheems aan China.
- Dit is een van die oudste gekweekte gewasse en is voor 2500 VC verbou.
- Sojabone is die vierde grootste gewas ter wêreld, na mielies, koring en rys.
- Is 'n waardevolle bron van olie en proteïen vir mense en vee.
- Sojasade kan geëet word as dit jonk is as 'n voedsame groente.

Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com



- Wanneer sojabone verwerk word, produseer dit 'n baie voedsame sojamelk.
- Sojasous word van gfermenteerde bone gemaak.

SUID-AFRIKAANSE SOJABOONAREAS IS:

- Mpumalanga
- Vrystaat
- KwaZulu-Natal

SOJABOONPRODUKSIE FAKTORE

GRONDVOORBEREIDING

'n Diep, los saadbed is nodig.
Bewaringsbewerking is gesik.

PLANT

Aanplanting kan vanaf die begin tot die middel van November begin en aanhou gedurende die seisoen soos nodig. Saad word op 3 cm tot 5 cm geplant en verskyn ongeveer 5 tot 7 dae na plant.

Opmerking: Waar sojabone later geplant word, is dit nodig om die plant te bestuur, sodat die plant meer sonlig kan opneem. Smaller rye vang meer sonlig vir vegetatiewe groei aan die begin van die groeiseisoen en meer internodes per hektaar word geproduseer. 'n Mens kan dit ook oorweeg om die plantpopulasie met soveel as 25% te vergroot, aangesien plante later kleiner sal wees en minder nodes het waar peule kan ontwikkel.

BEMESTING

Grondmonsterneming word aanbeveel. Sojabone gebruik fosfor, kalium, magnesium en kalsium in groter hoeveelhede as wat 'n mielieplant doen.

ONKRUIDBEHEER

Daar is wydverspreide gebruik van voor-plant, voor-opkoms en na-opkoms onkruidbeheer programme. Dit is van kritieke belang vir die sukses van die gewas. Jong sojaboonplante kan nie met vinniggroeende onkruide om vog, lig en voedingstowwe meeding nie. Chemikalie moet sorgvuldig gekies word en moet spesifiek voorgeskryf word vir gebruik op sojabone.

PLAAG/SIEKTEBEHEER

Gewasse moet noukeurig gemonitor word vir insekte en swamsiektes. Hierdie probleme kan deur die seisoen aangespreek word deur middel van plaag- en siektebeheer programme. Dit is altyd die beste om kundige advies in te win indien daar 'n probleem voorkom.

OESTYD

Tydens rypwording word die blare geel en die voginhoud van die sade daal – van ongeveer 65% tot 14% binne 14 dae – terwyl die weer droog en warm is. Oes begin wanneer die meeste blare van die plant afgeval het, maar die stingels sal steeds sag en buigsaam wees. Die saadvoginhoud moet onder 15% wees, 90% van die peule het bruin geword, die peule breek maklik – maar die pitte is nog nie so droog dat dit maklik kraak en oopbars nie. Die ideaal is dat sojabone geoes word met behulp van stropers.



- Limpopo
- Noordwes
- Gauteng

Sojabone word slegs sedert 1996 aktief bevorder as 'n waardevolle gewas vir die Suid-Afrikaanse mark, maar sojaboonproduksie het in 2012 sonneblomproduksie oortref en die land se belangrikste oliesaadgewas geword het. Volgens Graan SA is 743 000 hektaar in die produksieseisoen 2018/2019 onder sojabone aangeplant.

FAKTORE WAT SOJABOONPRODUKSIE BEÏNVLOED

Hitte-eenhede

Sojabone groei onder baie soortgelyke toestande as mielies. Die plant reageer op hitte-eenhede, dus hoe meer hitte-eenhede beskikbaar is, hoe later kan jy plant. Dit beteken dat in koeler gebiede vroeër geplant moet word vir optimale opbrengste. Interessant genoeg het sojabone 'n sekere aantal ure donkerte nodig om behoorlik volwasse te kan word. Korter dae versnel sojaboonontwikkeling. As daglig toeneem, vertraag die ontwikkeling. Hoe meer donkerte aan 'n sojaboonplant blootgestel word, hoe vinner word dit volwasse. Daarom lei vroeë aanplanting tot groter plante met meer internodes en meer blomblaartjies, wat groter oeste beteken.

Temperatuur

Temperatuur is 'n belangrike oorweging by die aanplant van sojabone. Opbrengste word negatief beïnvloed indien die temperatuur hoër as 30°C styg. Verlengde periodes van temperature onder 13°C gedurende die blomperiode, sal blom- en saadvorming voorkom.

Die ideaal is dat die temperatuur tydens planttyd 15°C moet wees, met die verwagting dat dit tot 25°C sal styg.

Reënvalvereistes van sojabone

Goeie opbrengste word behaal in streke waar normale reënval gemiddeld tussen 500 mm en 900 mm is. Te veel reën tydens die blomstadium sal veroorsaak dat die plant welig groei en oormatige blare produseer. Hoë vogvlakte kan ook "omval" tot gevolg hê. (Omval is die ombuig van die stingels naby grondvlak by graangewasse, wat dit baie moeilik maak om te oes en die opbrengs dramaties kan verminder.)

Grond

Sojabone is baie geskik vir swaarder gronde. Hulle hou van vrugbare grond wat diep is en goed dreineer. Die grond moet 'n goeie waterhouvermoë hê, maar interessant genoeg is dat die sojaboonplant water baie dieper kan opneem en gebruik as baie ander plante, insluitend 'n mielieplant. Dit beteken dat hulle 'n bietjie meer droogtebestand is.

Hulle kan beter aanpas by gronde met 'n laer pH-vlak as ander peulgewasse, maar pH laer as 5.2 beperk stikstofbinding. Die ideale pH interval is dus 6 tot 6.5. Sojabone floreer nie in gekompakteerde gronde nie. Boere wat hierdie probleem moet aanpak, moet dit oorweeg om 'n skeurploeg, of 'n diep veertandimplement te gebruik.

Het ek gehoor dat jy gevra het: "Wat is stikstofbinding?"

Stikstof (N) moet te alle tye in die grond beskikbaar wees, aangesien dit 'n baie belangrike voedingstof is vir die produksie van nuwe blare, nuwe wortels en nuwe lote by enige plant. Stikstofbinding beskryf 'n natuurlike proses waarder peulgewasse in harmonie werk met 'n groep mikroorganismes of bakterieë wat in hul wortels leef. Hierdie bakterieë haal stikstof uit die atmosfeer en maak dit in die plant vas deur dit in pienk wortelknoppies op die wortelstelsel te konsentreer. Hierdie nodules laat stikstof weer in die grond vry, wat voordeelig is vir die volgende gewasse wat op die land geplant word.



Kultivars

Konstante kultivarverbeterings is die resultaat van voortgesette navorsing. Boere moet met verteenwoordigers van saadondernehmings en plaaslike landbouvoorligers praat om te leer watter kultivars die beste in die streek pas. 'n Uitdagende probleem in die bedryf het ontstaan omdat die sojaboon 'n selfbestuiwende gewas is. Dit was daarom vir boere moontlik om 'n deel van hul gewas te hou om as saad te gebruik om die volgende oes aan te plant. Aan die ander kant is dit ook waar dat Roundup Ready kultivars en GMO-saad 'n groot verskil aan opbrengste gemaak het, wat beteken dat boere nou meer geredelik wil belê in vars, nuwe kwaliteit saad.

VERDERE INLIGTING

Die *Protein Research Foundation* het 'n paar informatiewe video's wat op YouTube opgelaai is. Die skakel na die volledige video van 54 minute is hieronder, maar die video is ook verdeel in kleiner brokkies inligting wat beskikbaar is op YouTube onder skakels van *Protein Research Foundation*. Vind Sojaboonverbouing – die volledige video hier: <https://youtu.be/mL5IfFShl0U>

PULA IMVULA

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein, 9301
■ 08600 47246 ■
■ Faks: 051 430 7574 ■ www.grainsa.co.za

HOOFREDIAKTEUR

Jane McPherson
■ 082 854 7171 ■ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
■ 084 264 1422 ■ liana@grainsa.co.za

UITGEWERSVENNOOT

INFOWORKS
Johan Smit ■ Ingrid Bailey ■ Marisa Fourie
■ 018 468 2716 ■ johan@infoworks.biz



Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)

■ 079 497 4294 ■ johank@grainsa.co.za

Jerry Mthombothi

Mpumalanga (Nelspruit)

■ 084 604 0549 ■ jerry@grainsa.co.za

■ Kantoor: 013 755 4575 ■ Smangaliso Zimbili

Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)

■ 082 354 5749 ■ jurie@grainsa.co.za

■ Kantoor: 034 907 5040 ■ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Dundee)

■ 082 650 9315 ■ dundee@grainsa.co.za

■ Kantoor: 012 816 8069 ■ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier

Oos-Kaap (Kokstad)

■ 083 730 9408 ■ goshenfarming@gmail.com

■ Kantoor: 039 727 5749 ■ Luthando Diko

Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)

■ 084 264 1422 ■ liana@grainsa.co.za

■ Kantoor: 012 816 8057 ■ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)

■ 082 877 6749 ■ dutoit@grainsa.co.za

■ Kantoor: 012 816 8038 ■ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade

Mthatha

■ 071 519 4192 ■ sinelizwifakade@grainsa.co.za

■ Kantoor: 012 816 8077 ■ Cwayita Mpotyi

PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is
die mening van die skrywers en nie die van Graan SA nie.

Perspektief op die sojaboonseisoen 2019/2020

HIERNDE ARTIKEL GEE 'N PERSPEKTIEF OP DIE SOJABOONSEISOEN 2019/2020 VIR BEIDE INTERNASIONALE EN PLAASLIKE MARKTE.

Ikageng Maluleke,
Landbou Ekonom,
Graan SA. Stuur 'n e-pos
na Ikageng@grainsa.co.za



GLOBALE SOJABOON PERSPEKTIEF

Die wêreldwye sojaboonproduksie vir 2019/2020 sal na verwagting met 5% daal, as gevolg van die kleinste oes wat in die VSA oor ses seisoene verwag word en met 'n toename elders sal dit hierdie tekort net marginaal beïnvloed. Alhoewel die groei na verwagting onder-gemiddeld sal bly, sal die verbruik vir 2019/2020 tot 'n nuwe hoogte uitbrei, wat 'n toename in die vraag na lande soos Argentinië, Brasilië en China weerspieël.

Aan die ander kant het handel toege neem weens hoër invoervoorschellings vir verskeie lande, waaronder China en verbeterde uitvoervooruitsigte vir groot produserende lande, maar die afname in Argentinië se sojaboonbehoeftes balanseer dit alles. Wat die wêreld voorraad betref, sal die daling in VSA produksie die oordragvoorraad in die VSA aansienlik verlaag, met die grootste uitvoerlande wat na verwagting die helfte van hul voorraad sal hé en die wêreld-


voorraade sal ongeveer 22% kleiner wees op 'n jaargrondslag.

PLAASLIKE SOJABOON PERSPEKTIEF

Figuur 1 duif vraag en aanbod oor die jare en spesifik vir 2019/2020 aan. Na verwagting sal die vraag toeneem, met toenames wat toegeskryf word aan die verwerking van sojabone, voer en saad, terwyl die uitvoer na verwagting aansienlik sal daal in vergelyking met die vorige seisoen. Aan die einde van die seisoen word baie min plaaslike vlakte verwag; ongeveer die helfte vergeleke met die vorige seisoen (28 Februarie 2020).

As gevolg van verhoogde investering in die sojaboonverwerkingssektor, kan die uitbreiding van sojabone ook toegeskryf word aan verhoogde verwerkingsvermoë, met toenemende volumes wat Suid-Afrika in staat stel om ingevoerde oliekoek te vervang. ■

1 Sojaboonproduksie in Suid-Afrika.



WORDS OF
WISDOM



You get to decide where your time goes. You can either spend it moving forward, or you can spend it putting out fires. You decide. And if you don't decide, others will decide for you.

~ TONY MORGAN



MOONTLIK GEMAAK DEUR
OPOT